Tema: Wie weet?
Lees: Joël 1&2
Teks: Joël 2:14

In Joël 1 lees ons van ‘n vreeslike dag, ‘n dag van verwoesting. ‘n Groot droogte het oor die land gekom. Daar is nie water in die spruite nie, nie weiveld vir die diere nie. Dit gaan ellendig, al die inwoners van die land bewe.

‘n Tyd terug is berig van groot droogte in Noordwes. Op heelwat plase was daar die afgelope twee jaar ook droogte en geen oes nie. As daar nie nou reën kom nie, gaan heelwat boere insolvent en sal moet ophou boer. Vir ons hier in Benoni raak die droogte in Noordwes mos nie? Ons ry winkel toe en koop wat ons wil hê!

In Joël 2 sê die Here daar sal tydelike en geestelike seën kom as.....as die volk met hulle hele hart terugkeer na Hom toe. As hulle vas, huil en treur. As hulle hul harte skeur en nie hul klere nie! Die Here is genadig, barmhartig en vol liefde. Hy is bereid om straf te herroep. Dan die wonderlike aankondiging vol genade:

Wie weet of die Here nie die straf sal herroep nie; of Hy nie weer voorspoed sal gee nie sodat daar weer graan- en drankoffers sal wees vir die Here julle God!

Laat ons bid vir reën in die droë dele van ons land. Laat ons ons harte skeur. Wie weet of die Here ons dan nie dalk sal verhoor nie?

Amen

Jan Lubbe